

Ds. A. W. C. Bester
31 Desember 2001

Onderwerp: Om vas te staan in onseker tye
Nuwejaarsboodskap

Lees: Daniël 10 verse 4 tot 19
Daniël 11 vers 32

Teks: Daniël 11 vers 32

Sing: Lied 164 verse 1 en 2
Lied 232 vers 2
Lied 260 vers 11
Lied 513 verse 1 en 3

“En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree.” (Dan 11:32)

“Broers en Susters, die boek Daniël is bedoel vir die Jode in ballingskap en later vir die terugkerende ballinge. Die tydsomstandighede waarin die volk van God hulle bevind het, was gekenmerk deur onrus, donkerheid en uitsigloosheid.

“Die volk van die HERE moes benoude vervolging verduur onder die tiran, Antiogos Epifanes IV. ’n Duiwelsgeïnspireerde wêreldmag het hulle beklem. Daar was woede en lis in ’n allesomvattende aanslag teen die volk van die HERE. Plundering, dood, tronkstraf en slawediens was hulle voorland. Die vreemde heerser sou later selfs die heilige diens aan God afskaf. Op die altare van die Tempel is daar vir heidense afgode geoffer. Deur vleitaal sou valse bekoorlikhede aan die volk van God voorgehou word. (Dan 11:32)

“Maar Broers en Susters, wanneer die nood op sy hoogste is, dan gryp God wonderbaarlik in deur iemand te roep om sy volk te troos en te bemoedig. God roep vir Daniël, in wie se mond Hy ’n boodskap van troos en bemoediging lê. Daniël moes vir die volk van God die versekering gee dat dié mense wat hulle God ken, sal vasstaan en optree; terwyl dié wat aan die verbond ontrou is, meer en meer afvallig sal raak. (Dan 11:32)

“Die kernvers in Daniël se boek is hoofstuk 2 vers 22: ‘Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge; Hy weet wat in die duister is, en die lig woon by Hom.’ Dit gee die versekering dat God nie afwesig is nie; dat

God nooit sy eiendom verlaat nie; dat God se verbondstrou en liefde vir sy skepsels nooit verander nie.

“Vir ons wat vanmôre op die drumpel van ’n onbekende jaar staan, het ons Hemelse Vader by monde van Daniël ’n boodskap van troos, bemoediging en vermaning. Kom ons luister met oorgawe daarna.

“Broers en Susters, met die Almagtige God as middelpunt word in ons tekvers drie kernhandelinge beklemtoon, naamlik KEN, VASHOU en OPTREE.

“Die volk wat sy God ‘ken’, verwys na ’n deel van die volk binne die geheel van Israel. Immers nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie, sê Apostel Paulus in Romeine 9 vers 6: ‘... want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie.’ In die hele bespreking word hieronder dus verstaan, die ware Godsvolk van alle tye.

“In die Bybel dra die woordjie ‘ken’ ’n wye betekenis. Met betrekking tot God, dui dit op ’n wisselwerking waarvan God altyd die alles oorheersende middelpunt bly. Daarom is hierdie ware kennis alleen moontlik in soverre God Hom aan ons geopenbaar het.

“Dit is deur Jesus Christus, die vleesgeworde Woord, dat ons Hemelse Vader Hom volledig aan ons openbaar. In Johannes 14 vers 9 sê Jesus vir Filippus: ‘Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.’ In Hebreërs 1 vers 1: ‘Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun.’

“‘Ken’ is dus persoonlik en beminlik van aard en gaan nie buite die hart van die mens om nie. Om God te ken is dus nie bloot verstandelike kennis nie. Nee, Broers en Susters, dit spreek van ’n ontmoeting waarin die gelowige sy God in die hoor van sy Woord leer ken het en sy almag, liefde, wysheid en verhewe handelinge ervaar het.

“Die Hebreëuse woord ‘ken’ dra ook die betekenis van ‘beken’, ‘erken’ en ‘bely’.

“In my ontmoeting met my God word ek as gelowige in ’n intieme liefdevolle verhouding met my Hemelse Vader gestel. Sodanige geloofskennis het twee kante wat groot troos inhou. In Johannes 10 vers 14 sê Jesus: ‘Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.’

“Broers en Susters, dit is hierdie versekering wat elke verbondskind se lewe verlig en verlewendig om

met 'n geloofsperspektief verstandig te leef en te wandel deur die Heilige Gees wat ons lei.

“Andersyds is dit ook waar, dat waar die kennis ontbreek, die betrokke persoon of volk in die gerig sal kom en ten gronde sal gaan. Tereg sê die profeet Hosea in Hosea 4 vers 6: ‘My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priester-amp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.’

“Broers en Susters, hierdie kennis van God tot ewige kindskap is nie 'n statiese dooie besit nie. Johannes sê in hoofstuk 17 vers 3: ‘En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.’

“Ken u hierdie Jesus? Is Hy Heerser op die troon van jou hart?

“Indien dit waar is van jou en my lewe, dan word hierdie kennis 'n dinamiese en aktiverende krag in ons lewe. Dan word ons in staat gestel om in hierdie lewe onder alle omstandighede vas te staan, of soos in die teks staan, dan kan ons ‘vashou’.

“En Broers en Susters, hierdie ‘vashou’ het nie betrekking op 'n losstaande of sporadiese verbintenis nie. 'n Mens kan na God gryp in besondere stemmings, soos byvoorbeeld wanneer jy in nood verkeer, of bewus word van God se heilryke teenwoordigheid. Só kan 'n mens na God gryp in tye van verleentheid, siekte, dood en ander teisteringe. God word dan feitlik as 'n noodwiel gebruik. Die sinkende Petrus is 'n sprekende voorbeeld.

“Nee, Broers en Susters, hierdie ‘vashou’ wys na 'n voortgaande en doelbewuste verbondsverbintenis en trou aan God, selfs al sou die grootste vertwyfeling op jou toesak.

“Hierdie ‘vashou’ stel jou en my in staat om onder alle omstandighede met God en deur sy genade te volhard. Alleen deur aan God vas te hou, word jy en ek begenadig om volhardend en konsekwent ons Godgegewe identiteit as gelowiges in hierdie wêreld te handhaaf.

“Die profeet Maleági sê in hoofstuk 3 vers 18 dat wanneer gelowiges hulle identiteit in hierdie wêreld handhaaf: ‘Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie.’

“Broers en Susters, ons beleef in ons tyd 'n identiteitskrisis in die kerk van Jesus Christus. Daar is

so baie wat hulle identiteit verloor het. Hierteenoor is daar steeds gelowiges wat ten alle tye gewillig is om aan die wêreld te toon dat Jesus die Koning van hulle lewe is. Mense wat bereid is om hulle Christenskap op alle lewensterreine uit te leef. Die groot voorwaarde is dat Jesus volle besit van jou en my lewe moet hê.

“n Voorbeeld in die Bybel was die Apostel Paulus wat selfs voor die vyande van die kruis uitgeroep het: ‘Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.’ (Rom 8:33-39)

“Broers en Susters, alleen in die greep van God se genade kan jy en ek end-uit leef en wandel in die onfeilbare versekering dat niks en niemand ons uit sy hand kan ruk nie. Jesus Christus het gesê: ‘En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.’ (Joh 10:28, 29)

“Paulus onderstreep hierdie waarheid in Filippense 3 vers 12: ‘Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.’

“Die teks sê ook dat die wat God ‘ken’ en aan Hom ‘vashou’, ook sal ‘optree’ (kragdadig handel).

“Teenoor die totale aanslag van hulle dag kon geen Israeliet neutraal staan nie. Een van twee dinge sou waar wees:

“Diegene wat neutraal staan en voortgaan om goddeloos te lewe en wat reeds tot alles wat volksvreemd is neig, sal volledig tot verval gedwing word. Hulle sal weens hulle ontrou en neutraliteit al meer en meer van God vervreemd raak. Hulle sal uiteindelik verswelg word deur die omringende

heidendom. Ja, dié wat God verlaat en God verloor sal in alles konsekwent goddeloos handel. Daniël skryf in hoofstuk 12 vers 10: ‘... maar die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie ...’

“Anders is dit gestel met hulle wie se lewens in God geanker is. Aan hulle sê God: ‘Jy is my volk; en hy sal sê: My God!’ (Hos 2:22) Vir die toegewyde verbondsvolk het die beproewings en swaarkry ’n teenoorgestelde uitwerking. Soos die goudsmit die gouderts verhit totdat die skuimende onsuiverhede bo-op afgeskep kan word. Eers wanneer hy sy beeld soos in ’n spieël daarin kon sien, was dit vir hom goed genoeg om goue voorwerpe daaruit te maak. (Spr 25:4) Só word jou en my vuurproef in God se hand ’n louterende smeltkroes wat die teenwoordigheid van sonde uit ons lewens verwyder.

“Dan kan ons, wat só gesuiwer en gelouter is, met ons woorde en lewens diegene wat struikel weens dwaling, dwaasheid en ondergang, terugbring na God en sy Koninkryk.

“Broers en Susters, het hierdie teks ook vir ons vandag iets te sê?

“Ja, in die wêreld, in ons land, is daar woelinge en worstelinge, onrus, terreur en ontwortelende stormgetye. Ons tyd gaan swanger aan toenemende goddeloosheid en verval. Ons almal is hierby betrek. Ons kan nie passiewe pawiljoensitters rondom die stryd-arena wees nie. Ook nie teatergangers wat net saam met die menigtes lag of huil nie. Die groot vraag is of ons die prooi geword het van valse gelatenheid, weerstandlose oorgawe, vertwyfeling, vrees, wanhoop en noodlotsgeloof?

“Ons het ’n taak en ’n opdrag om te volbring!

“Die teks in Daniël 11 vers 32 open geloofsperspektief tot standvastigheid en roepingsvervulling. Die ware kerk is immers nie ’n weeshuis nie, maar ’n vesting van God.

“As u en ek wil oorwin, moet ons leef en werk deur die krag van die Heilige Gees. Alleen dan sal ons vrugbaar kan volhard in diens tot verheerliking van God. Alleen dan kan ons suksesvolle draers van sy heilswoord na ’n sterwende wêreld wees. Dan het ons geen rede om te vrees vir die onbekende toekoms nie.

“Amen.”